

Die **DROOMGENOOT**

HERFS 2022



Die DROOMGENOOT

Goeiedag alle Droomgenoot-lesers,

Vandag is Menseregtedag en ek weet dat baie van ons mede-Suid-Afrikaners gedenk dit net om een rede: Sharpeville 21 Maart 1960.

Wanneer gaan ons verby die verlede begin leef? Daar word van almal verwag om saam te werk, saam te stem, saam te staan en saam 'n Reënboognasie te bou. Ek glo baie van ons wil dit baie graag doen, maar hoe gaan en kan dit gebeur as ons nooit toegelaat word om 'n verlede, waarvan baie van ons nie eens deel was nie, te vergeet nie. Dit breek my hart dat ons jongmense hul heil in ander lande wil gaan soek omdat hier niks meer oor is vir hulle nie. Kan ons hulle kwalik neem? Nee, verseker nie, maar dit maak nie die pyn van afskeid neem minder nie.

Kan Menseregtedag nie maar net 'n dag wees waar ons almal mekaar se "regte" respekteer en aanvaar nie? Sal dit nie die lewe vir ons almal makliker maak nie.

Gister het 'n man 'n pragtige beeld van die beeldhouer Lionel Smit beskuldig. Wie het hom die reg gegee om die beeld van sy voetsuk af te gooi? Die kunswerke is in die Strand langs die see opgesit om die wêreld mooier te maak, maar een kwaaddoener het gedink hy het die "reg" om dit sommer net vir die lekkerte af te gooi.

Ek is jammer, maar vir sulke "regte" het ek nie tyd of krag nie.

Kom ons staan saam en neem ons regte ernstig op – regte om vir mekaar om te gee, regte om ons land mooi te maak, regte om mense te help wat swarkry, ens. Sal dit nie vir ons as mens help om ons land weer 'n land te maak waarop ons kan trots wees nie? Menseregte hoef nie net negatief te wees nie!

Groete, bly gesond en ons praat weer

Lise Veldsman

Tel: 082 776 2595

Faks: 086 6133 804

E-pos: lise@droomriversdal.co.za

EK glo in die SON, al skyn dit nie. EK glo in LIEFDE, al is ek alleen. Ek glo in GOD, selfs as HY stil is



UIT DIE BAAS SE STOEL

Dagsê aan al die lesers,

Hier by ons het die hitte gebreek en is dit heerlijk koel terwyl dit sag buite reën. Die jaar het reeds sy pantoffels uitgeskop en die plakkies aangetrek. Deur die week is dit skouer aan die wiel en naweke swem en baljaar om weg te kom van die bitter hoë temperature.

Nietemin, ons oorleef en sien uit na die jaar wat voorlê. Hoe dan anders met Covid wie se houvas verbreek is. Ons kan maar net nie voorbly nie, want Rusland het nou weer besluit om marakkas te maak. Ons bid dat hierdie onsinnige inval gou sal stop.

Droom is natuurlik al op spoed met verhogings afgehandel en Beheerraads-verkiesings agter die rug. Die strategiese beplannings lê volgende week voor die deur en talle besprekingspunte is op die tafel. Een ding wat ons al agter gekom het, is dat jy nooit almal sal tevrede stel nie. Ons het dit goedgedink om ons inwoners aktief te hou, maar ontlok toe weer 'n onsinnige dispuut oor plantjie-mense en wie s'n is wie s'n. Plaas dat almal saamstaan en hulle slap spiere bietjie oefening gee terwyl hulle as een saamkuier en braai. Wat kan nou lekkerder as dit wees? Plaas van 'n gekef oor niks.

Dit daar gelaat. Droom se nuwe Beheerraad, met Dirk Jooste weer as voorsitter, stel vooruitgang in sig en ons laat ons nie ontspoor. Geestelike en sosiale ontwikkeling is nie onderhandelbaar. Hoe sê die Engelsman: If you snooze, you loose.

Ons het verskeie inwoners gedurende die Covid jare verloor, maar is nou weer sterk op pad om ons tehuse vol te maak. Ons het ook 'n nuwe Feedem-bestuurder gekry en wens Nolene alle voorspoed toe.

Verskeie projekte het ook pos gevat en ons glo dat dit 'n geseënde jaar sal wees. Veral as die los drade aan ons geboue weggesteek is en hulle hul nuwe kleurbaadjie aangetrek het.

So speel elkeen by Droom 'n rol en almal is 'n klein ratjie in 'n groot masjien wat draai.

Lekker jukskei, kegelbal, sokker en krieket speel aan die wat wil saamspeel!!!!!!
Ons het ondersteuners ook nodig – Los net die gekef by die woonstel.

Chris Veldsman
Uitvoerende Bestuurder



SOSIALE BYEENKOMSTE

‘n Nuwe jaar beteken nuwe dinge.

Die nuwe jaar het rustiger begin sonder die covid 19 verskrikking. Net toe daar egter ‘n mate van kalmte neerdaal, begin ‘n oorlog in die Noordelike halfrond woed... So is die lewe - hooggetye en laaggetye maar vorentoe moet daar beweeg word. Droom ook, sosiale aktiwiteite ook!

Met die vlak 1 inperking keer daar ‘n normaliteit terug wat maak dat aktiwiteite wat weekliks by Jan Lange Inwoners aangebied is, verminder word na drie dae per week - Dinsdae, Woensdae en Donderdae, met Woensdae wat Droomsaal aktiwiteite behels vir alle Inwoners en die ander dae vir Handvaardighede en geestelike aktiwiteite.



Droomsaal aktiwiteite begin ook weer stadigaan vlamvat. Kompetisies tussen tehuis Jan Lange en die Leefreg/woonstel Inwoners is ‘n goeie beginpunt en sluit in o.a. kegelbal, ring-gooi, jukskei. Dis goed om die samesyn tussen die mense te sien, veral oor ‘n koppie tee, koffie en selfs ‘n heerlike sappige stuk waatlemoen.



Natuurlik was daar die jaarlikse waatlemoenfees by beide Tehuse wat ook vroeër die jaar aangebied is.



Een van Droom se jaarlikse hoogtepunte is die Riversdalskou ontbyt wat weer kon plaasvind. Man en muis het die geleentheid aangegryp om dit by te woon! Saterdagoggend, 12 Februarie, het die Riversdal lyndans groep die bloedige hitte (met grade diep in die 30's) by die Ou Meule binnehof getrotseer om met hulle passies te kom pronk!

Dan word daar weer 'n tweede kegelbal kompetisie gehou in die Droomsaal. Hierdie keer tussen die Inwoners en Droom personeel en eindig met 'n heerlike verrassing wat niemand voorsien het nie.

'n Impromptu uitstappie na Robertson en Bonnievale. Lanklaas het ek sulke breë glimlagte en blink oë gesien, agttien Inwoners was in die wolke gewees. Robertson hou die belofte van 'n besoek aan die voëlpark in met 'n ligte middagete en Bonnievale by die Van Loveren wynlandgoed, wynproe! Vir 'n wyle is al die peste en plaes van die lewe vergete.....



Hierdie moet uitgesonder word. Op 9 Maart kry al die Inwoners geleentheid om te gaan skyfskiet in die Droomsaal. Wat 'n heuglike belewenis, 'n eerste ooit!



Ou Meule se sosiale aktiwiteite is ook goed op dreef met aktiwiteite wat die hele week aangebied word buiten Woensdae wat Droomsaal aktiwiteite is. Kroukie, musiek en allerlei strek oefeninge, legkaarte bou, kleiwerk en natuurlik is Valentynsdag gevier met die sitkamer getooi in rooi en wit!



Droom is dankbaar vir die plaaslike leraars Di Jordaan en Beyers wat eenmaal per maand bidure kom aanbied asook Riaan Bernardo, die res van die tyd. Goeie bywonings is 'n aanduiding van die behoefte van geestelike versorging.

Paasfees is ophande. Mag u regtig verkwik word met die wete dat nie een van ons die aardse pad alleen hoef te stap nie en dat ons Ewigheidshoop het.

Mooi loop...



VONKE UIT DIE VUURKLIP deur Mnr J Oosthuizen

DIE BESTE WYN.

Nou die aand toe ek en 'n ou mater so vir die vuur sit en kyk, lig hy sy glas druiweweelde en met 'n lang sug, seg hy dit was nou sy laaste sluk. Dit het vir my gelyk of of hy gegroet het - so 'n vir oulaas groet, soos ons mekaar deesdae groet as ons nie weet of ons mekaar weer gaan sien nie. Daar word mos nou in ons bos gekap. Tante Kopdoek, stigterslid van die SASSHG – Suid-Afrikaanse Sluik- en Smokkel Handelaars Gilde en nou ere-president en haar trawante maak dit mos nou onmoontlik om op 'n eerbare wyse ietsie te drinke te bekom. Nouja, die suipers raak steeds gesuip en die van ons wat verantwoordelike wyngebruikers is, word droëbekkers.

Lank terug toe ons vir 'n slag uit Ou Meule op parool vrygelaat is en ons weer so 'n ou ietsie kon aanvul, het ek die geleentheid benut. Ek is een van die gelukkiges wat in my vêrsiendheid toe ons kon, sommer twee vyfliterbokse wyn gekoop het. As 'n matige geleentheidsgebruiker kon ek darem seker wees dat ek nie naderhand

droëbek sou moes sit nie. 'n Man wis mos nie wanneer die Tante weer die winkels sou kon toemaak nie.

Laas, toe ons nog die provinsiale grense kon oorsteek, het ek vir my seun drie bokse wyn saamgevat om sy voorraad vir die wis en die onwis aan te vul. 'n Ruk terug het hy laat weet dat hy sy laaste boks oopgemaak het en nou die aand het hy sy laaste slukke gesluk. Ja, dis nou nie doodsake nie, maar dis soos om 'n getroue vriend te groet en nie te weet wanneer daar 'n weersiens sal wees nie.

So sit ons nou die aand by 'n mooie vuur en dis nie lank nie, toe's Piet se rooie klaar gedrink. Ek bied toe vir my ou maat wyn aan wat hy toe vriendelik, dog beslis van die hand wys: "Nee man, jy drink dan witwyn en dis vir my te suur." My witte was nie suur nie, want as gebore Transvaler drink ek in die somer soms 'n Johannisberger en ek bêre die Rooies vir die winter. My aanbod is toe nie herhaal nie, want 'n man se smaak is sy smaak.

So is dit nou maar. Oor lekker en mooi is daar baie te strye. En so is dit nou maar met die wyne ook. Wie sal nou ooit die streep kan trek en sê hier eindig sleg en verder is dit net ál lekkerder. Met wyn is dit ook so, maar daar moet tog iets of iemand wees wat die lekkerte bepaal.

Jare se kennis kan nogal 'n betroubare, bepalende faktor wees om die regte wyn te kies. 'n Mens ken jou kelders en jy weet waar jy die Rooies, die Wittes en die Soetes met 'n groot mate van gebruikgenotsekerheid kan koop.

Watter wyn is dan nou die beste wyn? Baie het al gesê die wyn wat vir jou die lekkerste is, is die beste wyn. Hoe hy deur sy maker gemaak is, tel natuurlik baie punte, maar daar is ander faktore wat die wyn se lekkerte bepaal.

Vir my, en dit lyk vir my by baie ander wyngenieters, begin en lê die lekkerte nie net by die proeslag nie, maar met dit wat dit voorafgaan. Dit wat jou oë sien en jou hart ervaar laat 'n mens wyn geniet. Dit wat mens met jou oë sien, laat jou in jou binneste iets ervaar.

Ná my vorige storie oor wyn, was daar taamlike reaksie en van die lesers het vir my foto's van hulle gunsteling wyne gestuur. Uit Australië het Lona vyf foto's gestuur van wyne in die verre Doer Onder land. Dis baie opvallend dat die etikette op ál die bottels die oog gevang het en een of ander storie vertel. Geen pretensie of opgesmuktheid nie. Nie hedendaagse, kil grafiese ontwerpe nie.

Ek en swaer Willem het vir sy vriend Bert Boshoff op Otavi in Suid-Wes (dit het nie soos Namibia gevoel nie) gaan kuier. Op die dorp is hy die gewaardeerde dokter, maar hy en sy liewe vrou woon op 'n plaas, Tsumeb se kant toe. Dis 'n prentjiemooi plaas en dis daar waar hy besluit het om wingerd te vestig en wyn te maak. Hy kan met reg gesien word as Suid-Wes se wynpionier in die Noorde.

Bert het vuurgemaak en ons het om die vuur op Tambotiebanke, wat hy self gemaak het, na sy stories sit en luister, toe hy opgestaan en huis se kant toe gestap het. Met sy terugkeer het hy vir ons elkeen, sonder om 'n woord te sê, 'n bottel wyn in die hand gegee. Bottels wat 'n mens in jou twee hande wou streel.

Die etiket het boekdele gespreek. Dit was die werk van Bert se kunstenaarvrou. 'n Lewensgetroue uitbeelding van 'n Koedoebul wat tussen die boomtakke sy verskyning maak en wat jou fier en forstelik in die oë kyk. Die kelder en die wyn se name het die prentjie voltooi.

Die etiket op die bottel het ons lus gemaak vir die Rooie en dit was Bert se stories, die vuur en die gloeiende kole en atmosfeer wat amper met 'n mes gesny kon word, wat die wyn onoortreflik lekker gemaak het. Die gevolg was 'n Duitse "gemütlichkeit" wat ek nooit sal kan en wil vergeet nie.

Ons het ons glase gelig en vir mekaar "GELUK" toegewens. Nie *Cheers*, Tjorts of *Gesondheid* nie. Nee, mag ons gelukkig saam wees solank as wat ons mekaar nog het.

In die Burger se wynbylaag, *Versnit*, vang my oog onlangs 'n foto van ses wyne met briljant geskilderde seerowerkarakters op die etikette van die bottels. Sketse van die Seerowerbendeledes op die ses bottels het boekdele gesprek. Sarel Seemonster se Sauvignon Blanc. Jo Vabond se Chenin Blanc. Rosa Rabedoe se Rosé. Zak Skobbejak se Shiraz. Ben Bullebak se Merlot en Kaptein Karnuffel se Cabernet Sauvignon. Elke seerower het geknipoo ... om uit te nooi: Kom probeer my!

Dit was Villion Family Wines daar in die Walkerbaaistreek se wyne en daar en dan het ek besluit ek wil van dié wyne in die hande kry. Dit was tevergeefs, tot één dag. Ons was van die Kaap terug Riversdal toe en ons het besluit om kuslangs te ry.

Kort duskant Botrivier het my oog 'n naambord gevang. 'n Doodgewone, amper onindrukwekkende een. Die geboue 'n ent van die teerpad af was ook doodgewoon. Ek het ingedraai met die hoop dat ek daar seker sou kon uitvind waar Villion Family Wines se uithangplek was.

Ons het ingedraai en onder akkerbome stilgehou voor 'n doodgewone gebou met 'n bord waarop daar aangedui is dat daar wyn te koop is. Alles doodgewoon en plat op die aarde. Sommer net so sonder versmorende prag en praal. Binne-in was daar kartonne met die die nimlike Seerowerwyne opgetstapel. Teen die mure was daar besonderse geraamde foto's van 'n pa en 'n ma met hulle twee kaalpootwoelwaters en al die plaasaktiwiteite. Dierbarte, plat op die aarde mense.

Iemand het agter my gepraat en toe ek omkyk, het 'n dame vriendelik gegroet en gevra waarmee sy ons kon help. Ek het ons voorgestel en toe met die deur in die huis geval: "Ek wil graag met die baas van die plaas oor die Seerowerwyne praat." Sy het lekker gelag en vir my gesê dat sy Elnette Viljoen is en dat haar man Kobie die baas van die plaas is.

"Jy't 'n mooi wynstorie om te vertel," seg ek, "het jy tyd om te vertel?" Sy het opgewonde begin vertel en die storie in 1671 gaan haal, toe Franse Hugenoot Francois Villion sy wingerde aangeplant het. Mettertyd het die Villion, Viljoen geword en die wynbou tradisie is deur die eeue voortgesit en tans is die tradisie in die harte en hande van Kobie en Elnette Viljoen. En twee vrolike woelwaters stap in diepgetrapte spore.

"En die Seerowerwyne?" wou ek weet. Sy het vertel dat hulle baie lief is vir Afrikaans en dat dit hulle laat besluit het om die Seerowerreeks te bottel en te bemark. So tokkel sy toe lekker op my hartsnare.

Toe ek te kenne gee dat ek graag 'n storie oor die wyne wou skryf en of sy my van afdrucke van die etikette kon voorsien, het sy dadelik ingewillig en terwyl sy my besonderhede neergeskryf het, het sy skielik haar pen neergesit. "Nee," seg sy, "ek sien jou hart." Toe stap sy na die stapels kartonne en bring vir my een. "Gaan geniet nou eers die wyne, en skryf dan jou storie."

Die seerowers maak nie allerhande vergesogte aansprake nie, maar dui tóg aan waarom jy juis sy wyn moet drink: Met pittige opmerkings dui hulle duidelik aan by watter disse en geleenthede hulle wyne geniet kan word.

Ben Bullebak se Merlot is vir Rugbyliefhebbers wat graag braai en min slaai eet. Oor sy Cabernet Sauvignon maak Kaptein Karnuffel slegs 'n opmerking: Stille waters, diepe grond. Formidabel in statuur, maar atyd afgerond. Rosa Rabbedoe (Rosé) hou van sushi, vars somerslaai en hanteer aandag met gemak.

Ek en my seuns het al om die vure gesit en vier van die Seerowers se wyne slukkie vir slukkie geniet. Stadig, net om die lekkerte langer uit te rek. Die ander twee moet nog geniet word. Ek wag nog net vir die regte geleentheid saam met die regte kuiermense. Dis plek of geleentheid, atmosfeer en mense by jou wat die genot van elke wyn bepaal.

Nou die dag sien ek op 'n rak 'n wynkarton met twee wyne. Die helder rooi en geel etikette maak toe net daar 'n stuk nostalgie in my wakker. Die rooie sê Red Lorry Wine en die gele, Yellow Lorry Wine. Dit was tog net al te mooi. Op die een etiket is daar 'n pragtige prentjie van 'n rooi Chev bakkie uit die 1950s en op die ander een 'n geel bakkie. In so 'n grys Chev bakkie het ek 70 jaar terug leer bestuur! Ek koop toe net daar van die storievertelwyne en ek raak weg in 'n diep, koel poel van nostalgie.

Op die rugetiket van Corder Family Wines se twee wyne lees ek toe sinvolle, interessante opmerkings:

How many times can you repeat Red Lorry and Yellow Lorry in 20 seconds, and without laughing!

Without laughing? Impossible. Because this wine is for pure fun. 100% pure happy, good time fun.

We put the fun in at our Red & Yellow Lorry Wine Factory. That's after our Red and Yellow Lorries have delivered their famous juiciest, plumpest, and tastiest grapes. You won't find green peppers, asparagus, peppercorns, plums, or anything else in our wine. Just perfect taste. Don't Say it. Drink it.

Ja en dan speel kelderatmosfeer waar die wyne aangebied word ook 'n groot rol as 'n mens wyn koop. Stap by Swartland naby Malmesbury se verkooplokaal in en jy word gul, asof jy familie is, ontvang en dit maak jou lus om hulle wyne te koop. Gaan sit buite onder Van Loveren se koeltebome om te proe en kyk hoe lus word jy om hulle wyne te koop.

Wat is dan nou die beste wyn vir die liefhebber van die vrug van die wingerdstok Wie's ek om te sê? As ek dan sou waag om te sê, sê ek die beste wyn is die wyn wat vir jou die lekkerste is, maar nie net lekker is nie. Hy moet ook in 'n mens se hart gevoelens en belewenis wakkermaak en vlerke gee. Hy moet jou nie láát praat nie, maar mét jou praat.

Laat ek nou van harte iets kwytraak. Alle eer en waardering aan al die wynpioniers wat deur die jare, dalk eeue, daartoe bygedra het om wyn van die hoogste kwaliteit aan wynliefhebbers wêreldwyd te verskaf. Van die Oranjerivier in die Noorde, Calitzdorp in die Ooste, tot Vredendal en die Swartland in die Weste, Die Breëriviervallei tussen in en van die Paarl tot by Somerset-Wes en al die streke tussen in. Vergeet nie van die Aspoestertjie anderkant die berg tot anderkant Hermanus nie.



Baie van die ou grotes het al soos 'Seders in die Wingerde' geval en ons geniet ons wynerfporsie. Nuwe Seders verskyn op die wynhorison en hulle sal sorg dat ons en ons nageslagte die vrug van die wingerdstok geniet – met of sonder nuanses, sweempies en tikkies van alles en nog wat. Alltyd met 'n vonkel in die oog en 'n lied in die hart.

Groete tot 'n volgende keer.....

French joke: How can you tell apart a tourist from a local? The tourist is the only one drinking wine at the café!



UIT DIE VERPLEEG AFDELING

2022 is al 3 maande oud. 'n Jaar terug was COVID op almal se lippe, dis al wat 'n mens dag en nag gehoor het. Ons het nog redelike inperking gehad, maar 'n jaar later het soveel nuwe dinge vorendag gekom – twee nuwe variante van die virus het skielik opgeduik – die DELTA en later die OMIKRON. Laasgenoemde is nie so dodelik as die eergenoemde nie. Om te dink met 2020 se skrywe van die DROOMgenoot was daar net 7 mense in Suid Afrika wat met die virus besmet was. In 2021, 'n jaar later was daar al 1,530,966 mense wat die virus al opgedoen het en 51,560 sterfgevälle. Wêreldwyd tot en met hierdie skrywe is al oor die 121 miljoen positiewe gevälle aangeteken, met meer as 2,6miljoen sterfgevälle. Maart 2022 staan die syfers as volg: Wêreldwyd: Totale gevälle: 447,839,517; Totale sterfgevälle: 6,026,987.

In Suid Afrika – Totale gevälle 3,685,120 en Sterfgevälle: 99,609

	Wêreld		Suid Afrika	
	Totale gevälle	Sterfgevälle	Totale gevälle	Sterfgevälle
Maart 2020			7	0
Maart 2021	±121,000,000	±2,600,000	1,530,966	51,560
Maart 2022	447,839,517	6,026,987	3,685,120	99,609

Ek glo nog steeds daar is baie mense wat nie hierdie virus ernstig opneem nie. As 'n mens so na bogenoemde statistieke kyk, kan jou oë net oopgaan, dit is 'n werklikheid, en as die virus eers aan jou voordeur kom klop, waar jy self siek word, of van jou naaste familieledes sterf as gevolg van die virus, glo ek mense sal die erns van die virus besef.

Dus vra ek asseblief om nog steeds aan die protokolle te voldoen

1. Ontsmet jou hande met 'n ontsmettingsmiddel wat ten minste 70% alkohol bevat;
2. Dra jou masker te alle tye in die publiek;
3. Vermyn fisiese kontak, maw behou jou afstand met ten minste 1,5 meter.
4. Moenie aan jou gesig of oë vat nie.
5. Nies of hoes in 'n sneesdoekie wat weggegooi kan word.

Met alles wat in die afgelope jaar so verander het, kan mens net ewig dankbaar wees indien 'n mens nog gesond is. Ons harte gaan uit na almal wat geliefdes of vriende aan die dood moes afstaan as gevolg van die virus.

Sedert verlede jaar het ons inentings gegee dat die biesies bewe. Al die personeel met uitsondering van een of twee, is almal ingeënt. Feedem se personeel is ook almal ingeënt. Omtrent 95% van die bejaardes is ingeënt. Almal het ook hulle "boosters" ontvang.

Hoe word COVID-19 behandel?

Volgens die nuutste skrywes wat ons van die Direkteur Generaal van Gesondheid ontvang het, is daar redelike veranderinge in die kwarantyn, isolasie en kontak opsporing.

Isolasie vir asimptomatiese COVID infeksie

1. Mense met asimptomatiese COVID **hoef nie meer** te isoleer nie. Maar hulle moet nog aan die volgende gehoor gee;
 - a. Masker moet gedra word wanneer daar interaksie van mense is
 - b. Vermyn sosiale byeenkomste (3 of meer mense) vir 5 dae na dag van toetsing;

- c. Probeer om nie met mense binnehuis te sosialiseer nie – vir 5 dae na toetsing;
 - d. Spesifiek - vermy kontak met bejaardes 60 jaar en ouer en veral mense met “co- morbidities” bv diabetes, kanker, ens vir 5 dae na toetsing.
2. Indien in `n versorgingsoord, moet die persoon wat asimptomaties is, na toetsing in `n aparte kamer vir 5 dae na toetsing geïsoleer word.
 3. Personeel wat in aftreeoorde ens werk en asimptomaties is, moet verkieslik by die huis bly vir 5 dae na toetsing.

Isolasie vir matige simptome van COVID infeksie

Mense met matige simptome van die virus, maar nie hospitalisasie benodig nie, moet vir 7 dae isoleer vanaf die begin van simptome. Dit is nie meer nodig vir her-toetsing voor isolasie beëindig word nie

Isolasie vir ernstige simptome van COVID infeksie

Mense met ernstige simptome en wat hospitalisasie benodig vir longontsteking moet aanhou isoleer vir 7 dae nadat suurstofterapie gestaak is. Dit is nie meer nodig vir her-toetsing voor isolasie beëindig word nie

Kwarantyn

1. Alle kwarantyn is gestaak
2. Kwarantyn slegs van toepassing waar daar meer as 3 persone gelyktydig in `n gesondheidsfasiliteit of versorgingsoord met COVID siek is
3. Persone (bv – versorgers) wat in kontak is met asimptomatiese pasiënte (aangesien hulle nie isoleer nie) of simptomatiese pasiënte hoef nie meer te kwarantyn nie.
4. Persone wat in kontak was met pasiënte met COVID, moet hulleself monitor vir simptome en dan isoleer indien nodig.

Kontakopsoring

1. Aktiewe kontakopsoring word onmiddelik gestaak
2. Slegs as daar meer as 3 persone gelyktydig in `n gesondheidsfasiliteit of versorgingsoord met COVID siek is.

Uitbreek ondersoek en beheer

Ondersoek aangaande die uitbreek van COVID in 3 of meer persone en gepaardgaande aktiwiteite in versorgingsoorde en gesondheidsfasiliteite moet voortgaan.

Wat moet ek doen indien ek moontlik met `n besmette persoon in aanraking kom?

Hou uself afgesonder en kontak u geneesheer telefonies.

Kontak: General Public Hotline: 0800 029 999

Maandae – Vrydae vanaf 08:00 – 16:00

Malaria

6 December 2021

Key facts

- **Malaria is a life-threatening disease caused by parasites that are transmitted to people through the bites of infected female *Anopheles* mosquitoes. It is preventable and curable.**
- **In 2020, there were an estimated 241 million cases of malaria worldwide.**
- **The estimated number of malaria deaths stood at 627 000 in 2020.**
- **The WHO African Region carries a disproportionately high share of the global malaria burden. In 2020, the region was home to 95% of malaria cases and 96% of malaria deaths. Children under 5 accounted for an estimated 80% of all malaria deaths in the Region.**

Malaria is an acute febrile illness caused by *Plasmodium* parasites, which are spread to people through the bites of infected female *Anopheles* mosquitoes. There are 5 parasite species that cause malaria in humans, and 2 of these species – *P. falciparum* and *P. vivax* – pose the greatest threat. *P. falciparum* is the deadliest malaria parasite and the most prevalent on the African continent. *P. vivax* is the dominant malaria parasite in most countries outside of sub-Saharan Africa.

Signs and symptoms of malaria may include:

- Fever.
- Chills.
- General feeling of discomfort.
- Headache.
- Nausea and vomiting.
- Diarrhoea.
- Abdominal pain.
- Muscle or joint pain.

The first symptoms – fever, headache, and chills – usually appear 10–15 days after the infective mosquito bite and may be mild and difficult to recognize as malaria. Left untreated, *P. falciparum* malaria can progress to severe illness and death within a period of 24 hours.

Doctors divide malaria symptoms into two categories: uncomplicated or severe malaria.

Uncomplicated malaria

Uncomplicated malaria refers to when a person has symptoms, but no sign of severe infection or dysfunction of the vital organs. However, without treatment, or if a person has low immunity, it can progress to severe malaria.

Symptoms can resemble those of flu and can typically last [6–10 hours](#) [Trusted Source](#) and recur every second day. However, some strains of the parasite can have a longer cycle or cause mixed symptoms.

Overall symptoms include:

- [fever](#) and chills
- sweating
- [headaches](#)
- nausea and vomiting
- body aches
- weakness
- an enlarged liver
- mild [jaundice](#), which can cause the eyes to appear yellow
- a higher breathing rate
- a general feeling of being unwell

In areas where malaria is uncommon, a doctor may diagnose flu instead of malaria. If a person has recently visited an area where the disease is present and develops these symptoms, they should discuss their visit with their doctor.

Fever cycle

The classic fever cycle of malaria usually lasts 6–10 hours and recurs every second day.

It involves:

- chills and shivering
- fever, headaches, and vomiting, possibly with seizures in young children
- a sweating stage
- a return to usual temperatures that accompanies fatigue

Severe malaria

In some cases, malaria can progress and affect vital body organs. At this point, malaria parasites have affected over 5% of the red blood cells.

Symptoms include:

- severe anaemia
- blood in the urine
- changes in blood clotting
- impaired consciousness
- changes in behaviour
- high acidity in the blood and body fluids
- seizures
- coma

Severe malaria is a life-threatening medical emergency.

Complications

Possible complications of malaria include:

- liver failure, which can lead to jaundice
- kidney failure
- unusually low blood glucose
- swelling and rupturing of the spleen
- shock, which includes a sudden fall in blood pressure
- pulmonary oedema, where fluid builds up on the lungs
- acute respiratory distress syndrome, which affects breathing
- dehydration

Malaria relapses

With some types of *Plasmodium*, malaria can disappear but return months or years later. This occurs because the parasites have dormant stages, during which there is no disease activity. However, symptoms can occur if they reactivate.

Treatment, which a person should undergo after their first episode, is available and can help prevent relapses.

Treatment

With early treatment, most people with malaria will make a full recovery.

Treatment for individuals with the disease includes:

- medication to eliminate the parasite from the bloodstream
- supportive care
- hospitalization for those with severe symptoms
- intensive care, in some cases

The main antimalarial drugs are:

- chloroquine
- hydroxychloroquine
- primaquine
- artemisinin-based therapy
- atovaquone-proguanil

The treatment period usually lasts 2 days.

However, the type of medication and length of treatment may vary, depending on:

- the type of *Plasmodium* that caused malaria
- how severe the symptoms are?
- where the person caught malaria
- if they took antimalarial drugs before
- if the person is pregnant

Additionally, people who develop complications may need a combination of medications.

Prevention

Strategies for preventing malaria include:

- being aware of the risk
- preventing mosquito bites, for example, by using insect repellent and covering the arms and legs
- taking antimalarial tablets when traveling to an area where malaria occurs
- getting a prompt diagnosis and treatment if someone thinks they may have the disease
- administering the vaccine to children who live in places where malaria is endemic

Antimalarial drugs are around 90% effective in preventing malaria. If a person uses these drugs, they should still take measures to prevent bites when spending time in an area where the disease is likely.

Anyone planning to travel to an area where malaria is common should enquire about malaria tablets in good time. In most cases, people need to start taking the drugs 2 days before traveling. They may also need to take tests before using some drugs, and it can take time to organize these screenings.

What are some natural mosquito repellents?

1. Citronella

Citronella is a well-known mosquito repellent. In a dose by dose comparison, citronella is initially as effective as DEET. However, citronella oil evaporates quickly, meaning that it is only effective for a short time. Also, high concentrations of citronella can cause skin irritation.

Research has shown that the topical application of 100% citronella can provide complete protection against three types of mosquitos for up to 120 minutes in a laboratory setting.

People traveling to areas where mosquitoes carry diseases may wish to use a more effective synthetic repellent than citronella.

People can purchase citronella candles or essential oil online or in some stores.

2. Lemon eucalyptus

Lemon eucalyptus essential oil contains 85% citronella. It is a popular product in the cleaning and cosmetics industries due to its fresh scent.

The findings of both field and laboratory studies show that lemon eucalyptus oil can effectively protect against several species of malaria-carrying mosquito as well as the yellow fever mosquito.

A 2014 study found that a formula containing 32% lemon eucalyptus oil provided at least 95% protection from mosquitoes for 3 hours. However, it has a shorter protection time than DEET as it evaporates more quickly.

Lemon eucalyptus essential oil is available to buy in natural health stores and online.

3. Clove

Many people use cloves either alongside cinnamon in baking or as an aromatic addition to drinks with lemon and sugar. However, cloves may also help prevent bothersome mosquito bites.

In a 2013 study, researchers mixed clove essential oil with bases of olive and coconut oil, which volunteers then applied topically to their skin.

The clove oil mixtures protected against yellow fever mosquitoes for up to 96 minutes.

Other research suggests that a component of cloves called methyl eugenol could be a carcinogen, but these claims require further research.

People can purchase clove essential oil in some health food stores and online.

4. Peppermint

Using peppermint may be another natural way to repel mosquitoes. The authors of a 2011 review concluded that high concentrations of peppermint essential oil are effective, but they could not find any research on lower concentrations.

A study in 2011 found that peppermint essential oil was effective against mosquito larvae and provided 100% protection against bites from adult yellow fever mosquitoes for up to 150 minutes.

Peppermint essential oil is available to buy in some grocery stores, health food stores, and online.

5. Lemongrass

Lemongrass is a herb with a subtle citrus flavour. It is a popular ingredient in tea and several Asian cuisines.

In a [2015 study](#), researchers found that a combination of lemongrass essential oil and olive oil provided 98.8% protection against the southern house mosquito.

Other [research](#) found that topical application of lemongrass essential oil provided 74–95% protection for 2.5 hours against two types of mosquito during a field study.

People can find lemongrass essential oil in natural health stores and [online](#).

6. Basil

Basil is a common ingredient in many cuisines, but it may also be a moderately effective mosquito repellent.

The authors of a [2011 review](#) looked at several studies testing basil as a repellent. Some field studies in Kenya found that just the potted plant provided nearly 40% protection against a type of mosquito that can carry [malaria](#).

The authors also noted that in a laboratory study, basil essential oil provided up to 100% protection for more than 6 hours against yellow fever mosquitoes. The researchers applied the oil topically.

People can purchase basil plants from their local garden centre or find basil essential oil [online](#).

7. Neem

In a small [2015 study](#) on six male volunteers, researchers tested neem oil to compare its mosquito-repellent properties with those of DEET mosquito repellent. A concentration of 20% neem oil provided 70% protection for 3 hours between dusk and dawn. DEET provided a similar level of protection, but it lasted for about 8 hours.

In a field study that took place in Guinea-Bissau, burning neem leaves provided [76%](#) Trusted Source protection against mosquitoes for 2 hours.

The research is inconclusive on how effective neem oil is as a mosquito repellent, so people living in or traveling to areas where mosquitoes carry diseases should not rely on it alone.

Neem essential oil is available for purchase [online](#).

8. Eucalyptus

The authors of a [2011 study](#) tested the effectiveness of eucalyptus oil with a coconut oil base. It provided approximately 93% protection against the filarial mosquito in India for up to 4 hours.

Other [research](#) found that heated eucalyptus leaves provided roughly 72% protection against mosquitoes for 2 hours during a field study. In the study, the researchers placed the leaves on a hot plate over a stove to fumigate the area.

Eucalyptus essential oil is available for people to buy [online](#) or in health food stores.

9. Catnip

Catnip, or *Nepeta cataria*, is part of the mint family. People can use catnip essential oil as a natural mosquito repellent.

The results of a 2011 study suggest that catnip essential oil is effective in repelling yellow fever mosquitoes.

In a different study, extracts from the catnip plant effectively repelled two species of mosquito, including the common house mosquito, for at least 2 hours.

People can purchase catnip plants from their local garden centre and look for the essential oil online.

10. Thyme

Thyme can be an effective mosquito repellent for short durations.

Laboratory studies have shown that topical applications of compounds of thyme essential oil can provide 89.0–97.3% protection against the common house mosquito for up to 82 minutes.

Burning thyme leaves can also help repel mosquitoes, providing about 85% Trusted Source protection for up to 90 minutes.

Thyme is available at garden centres, and the essential oil is available online.

Vaccination

A vaccine is now available for preventing malaria, but it is not for use by travellers. It has approval for children who live in moderate-to-high risk areas in Sub-Saharan Africa, where infection with *Plasmodium falciparum* is common. So far, health experts have administered over 2.3 million doses, and it has a good safety profile.

While the vaccine will save lives, it is not 100% effective.

Currently, in children under the age of 5 years, it:

- offers 30% Trusted Source protection from severe malaria after four doses
- will likely save one life among every 200 children vaccinated
- can reduce the risk of an episode by 40%

Uit die boek "365 Wyspede" uit die pen van Susan Coetzer

Gewoonte-klaers is soos suurdeeg wat deur die hele brood trek en uiteindelik 'n hele huis, gesin, vriendekring en selfs nasie versuur.

Maak seker jou bydrae by die werk, in jou gesin en enige ander verhouding is nie dié gewoonte-klakouse wat saam met Moses getrek het nie.

Probeer eerder blydskap vrystel wanneer jy jou mond oopmaak om iets te sê. Dit stel die werking van die Gees vry – en ons nasie het dit broodnodig om die beloofde land te bereik.

Tot 'n volgende keer

Vreugdevolle groete

Linda Botha

HCBC Projek (Home Community Base Care)

Het jy geweet??? Maart is Tuberkulosebewusmakingsmaand.

Wêreldtuberkulosedag : 24 Maart

Tema vir 2022 – Belê daarin om TB te stop en lewens te red!



Tuberkulose (TB) is hoogs aansteeklik en een van die wêreld se gevaarlikste siektes. Dê siekte versprei vining. Suid-Afrika het van die hoogste TB-syfers in die wêreld.

TB veroorsaak jaarliks sowat **100 000** sterftes in Suid-Afrika.

Wat is TB?

TB is 'n longsiekte wat deur die bakterie Mycobacterium tuberculosis veroorsaak word. Die bakterie kan gedeeltes van die long vernietig wat dit dan moeilik maak om asem te haal. TB word gewoonlik deur TB-lyers se hoese en niese versprei deurdat die piepklein bakterieë in die vogdruppels in die lug bly sweef en deur ander ingeasem word.

Dikwels toon lyers min of geen simptome nie en is onbewus dat hulle TB onderlede het.

Tekens en simptome:

- Hoes vir meer as twee of drie weke aaneen
- Sukkel om asem te haal
- Nagsweet
- Gewrigspyn
- Hoes bloed
- Moegheid
- Gewigsverlies
- Borspyn
- Koors
- Geen eetlus

Faktore wat bydra tot die verspreiding van TB:

- As jy in beknopte of armoedige toestande woon
- Geberekkige toegang tot mediese sorg en behandeling
- 'n Gebrek aan bewusmaking
- As jy nie gediagnoseer word nie
- As jy nie die behandeling voltooi nie

Soorte TB-infeksies:

Daar is twee soorte:

1. **Latente TB-infeksie** – Kom voor wanneer die immuunstelsel sterk en die liggaam 'n letselweefsel rondom die bakterieë vorm wat dit na die long vervoer. Daar is geen simptome nie, die aangetaste persoon voel ook nie sleg nie en is onbewus daarvan. In SA het bykans 80% van aangetaste persone latente TB.
2. **Aktiewe TB-infeksie** – Kom voor wanneer die liggaam se immuunstelsel verswak en latente TB gereaktiveer word, wat dan lei tot die siekte.

Behandeling van TB:

- Indien daar geen komplikasies is nie, kan TB maklik genees word.
- Mits die pasiënt by die behandelingsplan hou en dit deeglik volg, kan TB binne ses tot nege maande genees word.
- TB word behandel met 'n gekombineerde dosis anti-TB-medisyne wat daaglik geneem MOET word.
- Pasiënte moet ook gereelde toetse ondergaan voordat hulle as genees verklaar word.

Bron: Bergmaan, Ross and partners

Mediese kalender 2022 (Maart-Junie)

Belangrike dae om in gedagte te hou:

ARPIL:

- Algemene gesondheids-bewusmakingsmaand

2 April: Wêreld Autisme bewusmakingsdag

7 April: Wêreld gesondheidsdag

25 April: Wêreld Malaria-dag

MEI:

- Teen-rook bewusmakingsmaand:
Wêreldwye Dag vir Geen Tabakgebruik word jaarliks op 31 Mei deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) en deelnemende vennote van regoor die wêreld gevier. Die doel van hierdie jaarlikse veldtog is om bewustheid van die skadelike en dodelike gevolge van tabakgebruik te kweek en om mense te ontmoedig om tabak in enige vorm te gebruik.

Só kan jy help om jou omgewing rookvry te hou:

- Rook jy? Besluit daadwerklik om dit te staak. KANSA se eKick Butt-program – 'n unieke aanlyn-rookstaakprogram, kan jou help. Deur 'n reeks e-posse, opnames en aflaaibare materiaal word jy gelei en gementor om op te hou rook. Om nie te rook nie, word 'n lewenslange gewoonte. Hierdie program verskaf 'n reeks handige instrumente om jou hiermee te help. Byna 4 000 mense het al met behulp van eKick hierdie slegte gewoonte gestaak.

- Is jy 'n nie-roker? Jy het die reg op 'n gesonde omgewing. Rapporteer alle nie-nakoming van die Wet op die Beheer van Tabak aan die Omgewingsgesondheidsbeampte van die plaaslike owerheid waar die voorval plaasgevind het. Artikel 24 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Nr. 108 van 1996) bepaal dat elke landsburger die reg op 'n gesonde omgewing het. Ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (Nr. 85 van 1993) asook die Wysigingswet op die Beheer van Tabakprodukte (Nr. 83 van 1993) en relevante regulasies, het alle werkgewers, eienaars, huurders of enige persoon in beheer van 'n openbare perseel 'n morele en statutêre verpligting om 'n gesonde en veilige omgewing te skep vir diegene wat daar werk of van die perseel gebruik maak.
- Help om 'n bewustheid van Wêreldwye Dag vir Geen Tabakgebruik te verhoog.
- Moedig jou vriende, kollegas en familie aan om op te hou rook.

Bron: <https://welstand.solidariteit.co.za/>



8 Mei: Wêreld Rooikruisdag

12 Mei: Internasionale verpleegstersdag

Internasionale Verpleegstersdag word jaarliks op 12 Mei gevier – die herdenking van die geboortedag van Florence Nightingale, wat as die moeder van die moderne verpleegkunde beskou word.

Happy Nurses Day!

Your caring ways brings a **SMILE** to those you help. You are truly appreciated!



15 Mei – 15 Junie: Tooi Turkoois vir Bejaardes
17 Mei: Wêreld Hipertensiedag
31 Mei: Geen-rookdag

JUNIE:

- Manne Gesondheidsmaand
- Wêreld Bloedskenkdag



- Nasionale Jeugmaand
- 14 Junie: Wêreld Bloedskenkdag
15 Junie: Wêreld bewusmakingsdag teen Mishandeling van die bejaarde
16 Junie: Jeugdag

Droom se HCBC-span is 'n gemeenskapsprojek en volgens kontrak word daar van die gemeenskapswerkers (CHW's) verwag om van huis tot huis siftingstoetse te doen wat deur Departement Gesondheid opgestel is. Die gemeenskap is in areas ingedeel en 'n CHW is toegeken aan 'n spesifieke area, sy neem verantwoordelikheid vir die siftingstoetse van elke huishouding in haar area. Alhoewel dit soms moeilik is om die pasiënte te voet te besoek, kan dit ook as 'n pluspunt beskou word omrede ons gemeenskapswerkers vanaf Maandag tot Vrydag fisies in die gemeenskap beweeg en sodoende die behoefte/siektetoestande van die gemeenskap waarneem en aan ons deurgee. CHW's rapporteer ook sosiale-, finansiële en ander probleme aan die koördineerders wat dit dan aan die betrokke rolspelers oordra.

Die sleutelpunte waarna gekyk word tydens voorligting & die siftingstoetse:

Vorgeboorte/swangerskap/pasgebore babas;

Kindergesondheid/besoek aan kleuterskole/Immunisasie/Vit A & ontworming;

Vrouegesondheid; Kondoomverspreiding; MMC; Gesinsbeplanning;

Gesonde leefstyl en veroudering;

Versorging van pasiënte wat uit die hospitaal ontslaan en deur PGS verwys is met die voorbehoud dat die familie/bure opgelei word om binne 6 weke die pasiënt self te versorg:

Fisiese versorging van kanker- en verswakte pasiënte;

Wond sorg;

Rehabilitasie deur ligte oefening en opleiding van die familie;

Ondersteuningsgroepe;

Steun aan HIV-, TB-, en Kroniese pasiënte, bystand by kroniesemedikasie-afsetpunte en immunisasie veldtogte.

Voorligting van Gesondheidsaspekte met behulp van "PACK"

DROOM HCBC-Riversdalspan verf Bollie Konyn kleuterskool se mure

Tydens hulle gereelde besoeke aan die kleuterskole het die CHW's 'n behoefte geïdentifiseer om Bollie Konyn se omheining te verfraai. Die gemeenskapswerkers en die koördineerder, Staf verpleegster Cornell Malherbe, het op 14 Februarie die muur afgespuit en geskrop. Die 15 de het Marilise Lombard die prentjies kom teken. Staf Malherbe se broer, Johannes Malherbe, het ook ingespring en die groot verfprojek het afgeskop. Dit was groot pret vir die hele span, asook die kleuterskoolpersoneel en die 105 kleuters.





'n Moeë span het later die middag, na die uitmergelende hitte en rooi gebrande gesigte, terugstaan en die kleurvolle muur geniet.



Dertien van die Riversdal se HCBC-span het tydens die ontbyt, wat deur Riversdal se skoukomitee aangebied was op 18 Februarie, die 2 Tehuse se inwoners vergesel. 'n Opgewonde groep gesondheidswerkers het die bussie volgesit en was gereed toe die inwoners afgelaai is. Hulle het rolstoel gestoot, gehelp voer, inwoners badkamer toe geneem en na almal se welstand omgesien.





Op die foto geniet Staf Cornell Malherbe, CHW's Nikita Jantjies en Bernice de Villiers, drywers Lucas Jacobs en Warren Keizer, saam met die inwoners 'n heerlike bederf-oggend.






Autumn,
the season
that teaches us,
that change,
can be
beautiful

Herfs-groete

Melody Veldsman (HCBC Projek)



DIE BEDIENING VAN HULPBETONING

By 'n vorige geleentheid het ek oor die Pastorale bediening by DROOM geskryf. Graag wil ek vandag met u deel oor die bediening van hulpbetoning. In ons konteks beteken dit om mense te help en of te ondersteun wat beperk is om hulself te kan help.

DROOM se tehuse is vol inwoners wat swak geword het en nie meer na hulself kan omsien nie. Dit is hoekom hulle hier is.

Die Bybel het ons veel te vertel oor die bediening van hulpbetoning.

2 Kor 9:12 - Want die bediening van hulpbetoning voorsien nie alleen in die behoeftes van die heiliges nie, maar is ook oorfloedig deur baie danksegginge aan God, ...

Eerstens het hulpbetoning in die behoeftes van mense voorsien. Ek dink dadelik aan 'n vrou met die naam van Tabita waarvan die boek Handeling ons meer vertel. Sy was ywerig in haar hulpbetoning aan die weduwees wat swaar gekry het. Sy was geliefd omdat sy gehelp het. Die oomblik toe sy sterf was dit 'n groot verlies vir haar omgewing.

'n Ander vrou wat onmiddelik in my gedagtes opkom is die bekende Katolieke Non naamlik Moeder Teresa wat 'n geweldige verskil in die krotbuurtes van Calcutta, Indië onder die armstes van armes gemaak het.

Die kort en lank is dat die bediening van hulpbetoning 'n verskil in mense se lewens maak.

Ons het 'n span werknemers in DROOM wat 'n groot verskil maak in ons tehuse en tussen ons verswakte senior inwoners. Die moderne Tabita's en Moeder Teresa's wat met soveel liefde en geduld hulp verleen aan ons inwoners. Sonder hulle sou ons soveel armer gewees het. Sommige van hierdie moderne Moeder Teresa's is nie werknemers van DROOM nie, maar is vrywilligers wat sonder vergoeding hulp verleen sodat die onmiddelike wêreld van ons inwoners beter gemaak kan word.

Die vraag is: waarom sou mense by 'n instansie soos DROOM betrokke wou raak? Sekerlik nie omdat dit oor die salaris gaan nie, want hul kan sekerlik meer daar buite verdien? Ons vrywilligers verdien niks behalwe om dankie gesê te word nie. Nou wat sou dan die motivering wees?

Ek vind deel van die antwoord in 2 Kor 9:12. " die oorvloedige danksegginge aan God ..."

Deur die bediening van hulpbetoning sê jy aan God dankie. Here dankie dat ek nog gesond kan wees. Here dankie dat ek betrokke kan wees. Here dankie dat ek 'n gestuurde kan wees. ('n "calling" op my lewe kan hê om te help). Dankie Here dat ek so geseënd kan wees.

Die inwoner kom in dieselfde asem en sê dankie aan die Here dat Hy 'n moderne Tabita of Moeder Teresa op sy/haar pad gestuur het.

Dankie Here ek is swak, maar u help my deur die een wat my by die hand neem. Here ek kan nie meer mooi sien nie, maar iemand hou my hand vas. Here ek hoor nie meer mooi nie, maar iemand is geduldig met my en praat sag met my. Here ek kan

nie meer self eet nie, maar iemand voer my met liefde en omgee. Here U het naby aan my gekom en langs my kom staan.

Ek wil vandag hierdie skrywe opdra aan elke werknemer en vrywilliger van DROOM wat ons inwoners bedien met die bediening van hulpbetoning.

Jesus se woorde eggo in my ore. Ek het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Die een wat eerste wil wees moet eers laaste of die minste wees. Soms word hulpbetoning as 'n vernederende werk gesien, maar die Bybel leer my dat wanneer ek myself verneder sal God my op die regte tyd verhoog.

As jy ongemaklik voel met hierdie idee, is jy dalk in die verkeerde beroep. Dan gaan jy heel moontlik nie gemaklik wees in die bediening van hulpbetoning nie. Dan is dit dalk nie jou "calling" nie. Dan gaan ons nie kwaad wees as jy dit erken nie. Dan is daar dalk iets anders daarbuite waar jy liefs moet wees of doen.

As jy egter 'n brandende begeerte het om van waarde te wees en betrokke te wees by die bediening van hulpbetoning, kom meld aan en stel jouself beskikbaar as 'n vrywilliger. Ons sal jou bediening verwelkom.

Dankie aan al ons werknemers en vrywilligers wat met soveel oorgawe en passie God se mense (Seniors) bedien. Jy is 'n kosbare toevoeging tot DROOM.

Moeder Teresa het gesê: "Do not worry about why problems exist in the world- just respond to People's needs."

Gal 6: 2 "Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van die Here".

Met seën en liefde.

Riaan Bernardo

Maatskaplike dienste & Geestelike versorging



Kontakbesonderhede

DROOM
Posbus 270
Riversdal
6670

DROOM: 028 7132526
E-Pos: ontvangs@droomriversdal.co.za
Web: www.droomriversdal.co.za

2021/2022-boekjaar

Personeel:

Uitvoerende Bestuurder:	Mnr CJ Veldsman
DROOM Ontvangs, Debiteureklerk en Personeel beampte:	Mev M Strydom
Finansiële beampte:	Mev MG Veldsman
Administratiewe beampte maatskaplike dienste-afdeling en Geestelike bediening:	Mnr CJ Bernardo
Hoof geregistreerde verpleegkundige:	Suster L Botha
Geregistreerde verpleegkundige:	Suster U van Niekerk
Ingeskrewe verpleegkundige:	Stafverpleegster RH Ponto
Sosiale kreatiwiteitskoördineerder:	Mej R Benadé
Koördineerder van die Onderhoudsafdeling en Beroepsgesondheid en Veiligheid (OHS):	Mnr JH Esterhuizen
Sosiale media (Kaapstad):	Mev LA Veldsman

Home Community Base Care: (Projek befonds deur Departement Gesondheid en bestuur deur DROOM).

Administratiewe beampte:	Mev MG Veldsman
Koördineerder ingeskrewe verpleegkundige:	Stafverpleegster C Malherbe
Nie-professionele koördineerder:	Mev M Jacobs

Etekaartjies:

Weeketes: R50,00
Sondagetes: R60,00
Spesiale etes: Op aanvraag.

Gastekamer: Word tans nie benut nie a.g.v. die Covid regulasies

Respytsorg: Opnames is gestaak tot verdere kennisgewing